

**12 November**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-29**  
**Fokusgedeelte: Hebreërs 12:1-3**

### **Volhardende geloofsatlete**

Sien jy in jou gedagtes 'n paviljoen vol mense, atlete, 'n afsetter en 'n afrigter? Ons hardloop die wedloop van die geloof. Hoe sal ons in die geloof kan volhard tot die einde toe? Sal ons soos sommige van die ou Israeliete in ongeloof, ongehoorsaamheid en afvalligheid verstrik raak? Wees maar eerlik, daar is dinge wat die wedloop moeilik maak – net soos met 'n werklike wedloop.

Ons kán volhard en die belangrikste rede daarvoor is Jesus Christus. Hy is die Begin (afsetter) en die Voleinder (uitvanger) van ons geloofswedloop. Deur sy genade het ons deel van sy span geword. Ons is gekies op grond van God se liefde en barmhartigheid. Hy wag daar voor vir ons. Want sien, Hy staan nie net langs die kantlyn en moedig ons aan nie, Hy het die wedloop self voltooi. Die pad van die skandelijke kruisdood was bitter moeilik. Sy prys was die ereplek aan die regterkant van sy Vader. Hy heers nou oor alle magte, die dood en die sonde. Daarom kan ons ook die wedloop voltooi.

Verder is daar die paviljoen van aanmoedigende gelowiges wat reeds die wenpaal gehaal het (Heb. 11). Hulle het bly glo in die waarheid van God se beloftes en Hy het hulle nie teleurgestel nie.

Wat staan ons te doen? Neem met oorgawe deel aan die wedloop. Hou jou oog op Jesus Christus en nie op die moeilike baan nie. Gryp vas aan sy genadegawes. Volhard met sy Geesteskrag. Beveg die sonde wat jou wil laat struikel. Sien God se tugtiging as liefdesafrigting.

*Sing: Skrifberyming 43:5*

*Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)*